

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 01 • JANUARY / FEBRUARY 2021

BESPROEINGSBESTUUR VIR OPTIMALE AARTAPPELPRODUKSIE

Die ekonomiese
impak van 2020 op
varsproduktemarkte

MINIMUM WAGE INCREASE AND THE POTATO INDUSTRY

Oranjeville en Ceres
kultivar-evaluasies
onder die vergrootglas

Sebenzangamandla
on its way to reach
commercial status

Jongste navorsing in die kollig tydens 'boere-brunch'

Deur Chantel du Raan

Laeveld Agrochem het op 19 November verlede jaar 'n suksesvolle 'boere-brunch' in die Tom Burke-boereverenigingsaal in Waterberg, Limpopo aangebied. Die ete is aangebied in samewerking met Bayer, Agri Technovation en Aartappels Suid-Afrika (ASA).



Kenners uit 'n wye verskeidenheid velde is genader om sake met betrekking tot aartappelproduksie aan te spreek. Hier volg 'n kort opsomming oor elk van die aspekte wat aangespreek is.



Aartappel-vroegvrek



Aartappel-vroegvrek (early dying) het die afgelope paar jaar toenemend in Limpopo kop uitgesteek, veral in laat aanplantings waar plante geweldige hittestres ondervind. **Dr Mariëtte Truter** van die Landbounavorsingsraad (LNR) het terugvoer gegee oor die jongste aartappel-vroegvrekprojek in samewerking met ASA. Talle monsters is in verskillende dele van Limpopo getrek en onderhoude is gevoer met die betrokke produsente om te bepaal watter moontlike faktore die siekte vererger en watter navorsing in die produsente se opinie, nodig is.

Voorlopige resultate toon dat aartappel-vroegvrek 'n siektekompleks met verskeie bydraende faktore is. Dit sluit in verskillende nematodes, fungi, bakterieë asook omgewingsomstandighede. Die navorsers analiseer tans die Oktober 2020-monsters, wat reeds soortgelyke tendense toon. Daarna sal daar glashuisproewe uitgevoer word om die patogeniteit van die isolate te toets, ten einde 'n siftingstelsel vir vroegvrek te ontwikkel.

Poeierskurf



Prof Jacque van der Waals

van die Universiteit van Pretoria het tydens haar voordrag gefokus op die feit dat aspekte soos langdurige volharding in die grond, hoë en vinnige reproduksiepotensiaal, en moontlik die vermoë om alternatiewe gashere te besmet, alles bydra tot die onsuksesvolle beheer van poeierskurf. Doeltreffende poeierskurfbeheer, het sy gesê, sal afhang van 'n geïntegreerde benadering, veral as die inokulumvlakke hoog is.

Prof Van der Waals het die volgende hulpmiddels wat in 'n geïntegreerde benadering aangewend kan word, in diepte bespreek: Veldkeuse, wisselbou, gebruik van skoon knolle van weerstandbiedende kultivars, patogeneopsporing, gepaste plaagdoderbehandeling vir knolle of besmette grond, aanpassing van die status van grondvoedingstowwe, en die gebruik van geskikte bestuurspraktyke tydens gewasgroei.

Bruinskurf



Dr Reinette Gouws-Meyer

van die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) het beklemtoon dat 'n geïntegreerde benadering ook nodig is vir die bestuur van bruinskurf. In hierdie opsig sal kultivartoleransie die eerste stap in die regte rigting wees, het sy verduidelik. Ander moontlike bestuurspraktyke sluit in die chemiese behandeling van moere en grond, besproeiingskedulering, asook biologiese beheer met *Bacillus* spp. of nie-patogeniese *Sterptomyces*.

Produsente kan ook die bioberokingsmetode inkorporeer en sodoende bruinskurf natuurlik onderdruk. Bioberoking behels die opkerf van blare, stingels en wortels van *Brassica*-gewasse soos kool, mosterd en kanola, wat dan in die grond ingewerk word voordat aartappels geplant word. Die *Brassica*-gewasse stel 'n glukosinolaat vry wat dan die bruinskurfpatogene onderdruk deur sporulasie te inhibeer. Dr Gouws-Meyer se navorsingsresultate toon dat mosterdplantreste die beste bioberokingsmetode is in vergelyking met kopkool en kanola.

Grondgesondheid



Grondmikroörganismes het 'n lewensbelangrike funksie wat waardevolle voedingselemente beskikbaar stel vir opname deur gewasse. Dit word gedoen deur ingewikkelde verbindings in organiese materiaal en worteleksudate op te breek. Volgens dr Johan Habig van Agri Technovation gaan grondgesondheid nie net oor die hoeveelheid mikrobies daarin nie, maar ook oor die diversiteit van daardie mikrobies. Mikroörganismes, het hy verduidelik, vorm deel van 'n kompleks, wat beteken hoe hoër die diversiteit van mikrobies, hoe wyer die verskeidenheid noodsaaklike funksies wat dit moet verrig. 'n Wanbalans kan lei tot verhoogte voedseltekorte en grondgedraagde siektes.

Dr Habig het ook genoem dat, alhoewel 'n eenmalige grondgesondheidstoets nuttige leiding bied, dit nie genoeg is om grondgesondheid te bepaal nie. Die ideaal is om veelvuldige grondgesondheidstoetse te doen en dit gesamentlik te interpreteer. Dit sal uiteindelik verseker dat mikrobiële aktiwiteit asook diversiteit voldoende is.

Aalwurms



Sheila Storey is die eienaar van Nemlab en haar voordrag het gehandel oor die risikofaktore wat met nematodes verband hou. Doeltreffende nematodebestuur is moontlik deur die handhawing van 'n goeie wisselbousteem (wat nie-gashere insluit), asook braak periodes waartydens onkruid afwesig is. Sy het beklemtoon dat daar geen aartappelkultivar met weerstand in Suid-Afrika is nie. Dit kan help om eerder 'n aartappelkultivar met 'n kort groeiseisoen te plant in maande met 'n hoër risiko wat temperatuur betref. Temperatuur is 'n bepalende faktor, aangesien die aantal generasies per groeiseisoen deur temperatuur/hitte-eenhede bepaal word.

Tot vier generasies aalwurms kan in 'n seisoen voorkom, aangesien voortplanting tussen 25°C en 28°C optimaal is. Dit is ook belangrik om gesertifiseerde (skoon) materiaal te gebruik en ou plantwortels te verwyder. Wanneer 'n infestasië vermoed word, moet die aanplanting so gou as moontlik gelig word en geïnfecteerde knolle moet nie aan vee gevoer word nie. Sy raai aan dat biobekering met Brassicas toegepas word.

Aartappels SA-kultivaruitstalling



ASA het op 4 Junie 2020 'n statistiese kultivarproef by Ratho-boerdery geplant. Die proef het bestaan uit 18 kultivars en is op 12 November 2020 geoes. Die resultate is aangebied en voorbeelde van knolle en skyfies van elke kultivar is tydens die byeenkoms uitgestal.

Die gemiddelde opbrengs was 55,5 ton/ha waarvan die kultivar met die hoogste opbrengs 71,5 ton/ha behaal het. Die resultate sal in 2021 in CHIPS gepubliseer word. **C**



Tendense in aartappelgesondheid



Albert Schirring, Bayer se internasionale besigheidshoof vir aartappels, het aanlyn vanuit Duitsland ingeskakel om 'n oorsig te gee oor internasionale tendense in aartappelgesondheid. Dit was duidelik dat boere wêreldwyd dieselfde uitdagings in die gesig staar en dat grondgesondheid allerweë 'n belangrike fokusarea is. Die uitdagings wat volgens hom tans die grootste is, is weerstandsbestuur asook die bestuur van nuwe insekte en bakteriese siektes.

Hy het gesê daar is tans 'n groter fokus op produkte met 'n verlaagde omgewingsimpak. Bayer is nou besig om verskeie opsies te bestudeer. Hy het ook genoem dat sinergie tussen tradisionele gewasbeskermingsprodukte en biologiese produkte 'n groter rol gaan speel in die beheer van grondgedraagde siektes en verbeterde grondgesondheid. Schirring het afgesluit deur boere aan te moedig om 'n geïntegreerde bestuurstelsel te implementeer met die oog op volhoubare produksie.





Produk. Insig. Bekwaamheid.

Omvattende gewasbeskerming in aartappels wat deur plaaslike en internasionale kundigheid gerugsteun word.

- Onkruidodders
- Insekdoders
- Swamdoders
- Byvoegmiddels
- Blaarvoedingsmiddels
- Plantgroeireguleerders



Skandeer die QR kode met
jou foon kamera om
toegang tot ons onderskeie
gewashandleidings te kry!

**WINFIELD[®]
UNITED**

villa 